NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

AFDELING A LETTERKUNDE

ASEM – Jan Vermeulen

Algemene riglyne:

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat die naam korrek spel.*

- *Engelse woorde mag slegs aanvaar word indien dit so in die boek gebruik word.*

- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*

- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoorde beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*

- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Let wel: nie by meningsvrae nie bv. die motivering moet ooreenstem met die ja of nee.)*

- *Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel beantwoord die vraag, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

IEB Copyright © 2023

ASEM – Jan Vermeulen

VRAAG 1 BARRIES SE LEWE IN JOHANNESBURG

1.1 1.1.1 Krieket/Atletiek/Landloop.

1.1.2 Dwelms/Dagga gebruik.

1.1.3 Sy akademie/skoolwerk lei ook daaronder.

1.2 1.2.1 Vera dink hulle het 'n slegte invloed op Barries.

1.2.2 Hulle ouers is nog bymekaar./Hulle het albei goeie beroepe.

1.2.3 Omdat Barries uit 'n enkel-ouer huis uit kom.

1.2.4 Oom Charles gaan Theo verdedig deur te sê dat die ongeluk Barries se skuld was omdat hy die dwelms verskaf het.

1.2.5 Sodat Barries nie teen Theo kan getuig in die hofsaak nie.

1.3 1.3.1 Lizette probeer Barries oorreed om nie sy pa te vergiftig nie/nie rottegif te gee nie.

1.3.2 Barries haat sy pa/wil wraak neem/omdat sy pa hom as kind aangerand het.

1.3.3 (a) Rottegif

(b) Hy waarsku hom dat te veel gif sy pa sal doodmaak.

1.3.4 Paul het wel gekrul van die pyn nadat hy die rottegif gedrink het./Hy was so siek dat hy dokter toe is.

1.3.5 Nee, Barries en Paul het hulle probleme uitgesorteer … Paul betaal nou vir sy skool./Barries en Vera bly nou saam met Paul op Seeplaas.

VRAAG 2 BELANGRIKE KARAKTERS IN BARRIES SE LEWE

2.1 2.1.1 Stef Jonker

2.1.2 Hulle het saam in een huis grootgeword.

2.1.3 Stef probeer vir Barries skiet omdat hy by Olga gekuier/aangelê het.

2.1.4 Hy het baie vinnig 'n nuwe meisie gekry.

2.2 2.2.1 Paul dra Jona terug huis toe en laat hom saam met Barries voor die koolstof lê.

2.2.2 Dr. Gretha Hakinin.

IEB Copyright © 2023

2.2.3 Oakley sonbril **OF** horlosie …
(*Die surround Sound System/DVD-speler, klankversterker, Playstation en speletjies het hy eers later verkoop.)*

2.2.4 Want Barries het dit stukkend geslaan.

2.3
- Fillies Booysen
- Onder 'n rots in die veld waar Stef en Barries dit gelos het.
- Die Beach Buggy het gebreek **EN** hulle het te veel goed gehad om te dra.
- Ja hy het, omdat Fillies se pa vir hom gesê het om dit terug te gee.
- Hulle gaan saam skool/ is in dieselfde koshuis/ spandeer nog tyd op die strand saam. (*enige twee feite*)

Paragraaf van tussen 80–120 woorde

VRAAG 3 DIALOOG (tydelik terug in Houghton)

3.1 My verjaarsdag/my 17de-verjaarsdag./Ek het verjaar.

3.2 Nee, ons het saam met Theo gery./Ons het met Theo se kar gegaan.

3.3 Theo en Floris het twee meisies (in fluweelbroekies) saamgevat.

3.4 Gold Miners Delight
Rainbow Delight

3.5 Ek het 'n man met die kop geslaan./Het baklei **EN** ek het 'n badkamerdeur afgeskop

3.6 Butcher

3.7 Dr. Jassie du Toit (Eunicé se pa) gaan my help om vir my ma 'n goeie plek te kry waar hulle haar sal versorg.

3.8 Omdat ek hulle hond gered het/versorg het.

3.9 Die Du Toit's het Jona by ons kom soek.

3.10 Von Willebrandt se siekte/bloedsiekte/bloed stol nie/sukkel dat bloeding stop.

3.11 By Eunicé-hulle.

3.12 Eunicé is blind/of Jona is haar gidshond.

3.13 … om gedurende die vakansie vir my te kom kuier.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL: BARRIES SE OUERS

1. Inleiding:

… die invloed van Barries se onderskeie "ouers" se doen en late (*actions*) op sy lewe. Barries se ouers het 'n groot rol in sy lewe gespeel. Dit was nie altyd positief nie, maar dit het Barries se toekoms bepaal.

---

2. Barries se biologiese Pa

- By die werk/hulle het saam gewerk/was kollegas.
- Die man het Vera verkrag.

---

3. Vera Nel/Barnard

- Vera was skaam/bang/was bang hoe Paul sou optree/reageer.
- Sy het vir 'n interdik by die hof aansoek gedoen.
- Barries het die skoenboks vol kaartjies in sy kamer gekry.
- Barries rook dagga in die woonstel;
  Barries is slordig en ongehoorsaam;
  Barries ry gereeld met haar kar (sonder 'n lisensie) rond;
  Barries se akademie/skoolwerk het agteruit gegaan. (*Enige twee*)
- Ja ... sy het nog Paul se foto in haar kamer.

---

4. Paul Barnard

- Paul was opgewonde/het gedink dit is 'n wonderwerk.
- Paul en Vera was by die huweliksberader/het gaan hulp soek vir hulle verhouding.
- Paul het baie begin drink **EN** wanneer hy dronk was het hy Barries aangerand/met die belt (se gespe) geslaan.
- 'n Privaatspeurder.
- In 'n kroeg **EN** hy het die man aangerand/bewusteloos geslaan.
- Paul is tronk toe gestuur (was 4 jaar in die tronk) **EN** Paul kon nie vir Barries sien grootword nie./Hy het sy vrou verloor.
- Vera het 'n verslag van die welsyn ontvang wat gesê het dat Paul verander het.
- Paul skilder/verf/maak beelde/beeldhouwerk.

---

5. Slot

Barries se ouers het 'n groot rol in sy lewe gespeel. Dit was nie altyd positief nie, maar dit het Barries se toekoms bepaal.

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

IEB Copyright © 2023

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II, AFDELING A

INHOUD (20)	*Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die **nasienriglyne** van die betrokke vraestel.*
TAAL EN STRUKTUUR (5)	Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
5 punte	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is puik aangewend. Geringe mate van taalfoute.
4 punte	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding of slot. Die inleiding of slot ontbreek. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend. Geringe mate van taalfoute.
3 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding of slot is gepas. Taal, toon en styl redelik korrek.
2 punte	Geen inleiding of slot nie. Vloei van opstel word belemmer deur oormaat taalfoute.
1–0 punt	Geen samehang nie. Swak taalgebruik. Oormatige gebruik van Engels. Dele onverstaanbaar.

IEB Copyright © 2023

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.

2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

   Voorbeeld: Toespraak

Inhoud, beplanning en formaat	E	7
Taal, styl en redigering	G	6
	7 + 6 =	**13**

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria vir elkeen van die drie rubrieke na aanleiding van die **kodes**.

   Skryf die punte soos volg neer:

Inhoud	:	E	7
Taal	:	G	6
			13

   Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat reflekteer en te laat tel.

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan	Nuwe paragraaf
interresant	Strepie onder die woord	Spelfout
×	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
( )	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tyd verwarrend/foutief gebruik
?/ɾ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/ kronkelstreep	Onduidelik/ onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele *h*	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma/punt

Indien die skryfstuk ver te lank is, word daar net gelees tot die vereiste getal woorde – kandidaat word dan outomaties op grond van inhoud gepenaliseer.

IEB Copyright © 2023

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2

KRITERIA	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTÊR				ONVOLDOENDE						
INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	**12**	**11½**	**11**	**10½**	**10**	**9½**	**9**	**8½**	**8**	**7½**	**7**	**6½**	**6**	**5½**	**5**	**4½**	**4**	**3½**	**3**	**2½**	**2**	**1½**	**1**	**½**
	100%	**96%**	**92%**	**88%**	**83%**	**79%**	**75%**	**71%**	**67%**	**63%**	**58%**	**54%**	**50%**	**46%**	**42%**	**38%**	**33%**	**29%**	**25%**	**21%**	**17%**	**13%**	**8%**	**4%**
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met **intelligente idees**; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met **goeie idees**; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; **idees gewoon** en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met **elementêre idees**; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; **mistasting**.						
2. Organisering van idees; vloei van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en **gemaklike vloei van teks**.					2. Goeie samehang van idees en **teks vloei**.			2. Leesstuk **minder vloeiend**.					2. Leesstuk **hortend**.				2. Leesstuk **baie onsamehangend**.						
3. Struktuur – Inleiding, slot, paragrafering	3. Struktuur **gepas**.					3. Struktuur **gepas**.			3. Struktuur oorwegend gepas met **enkele foute**.					3. Struktuur toon **ernstige foute**.				3. Struktuur **onvanpas**.						
(12)																								
TAAL, TOON EN STYL	**8**		**7½**		**7**	**6½**	**6**	**5½**	**5**		**4½**		**4**	**3½**		**3**		**2½**	**2**		**1½**		**1**	**½**
	100%		**94%**		**88%**	**81%**	**75%**	**69%**	**63%**		**56%**		**50%**	**44%**		**38%**		**31%**	**25%**		**19%**		**13%**	**6%**
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register **in die kol**.					1. Toon en register **effektief**.			1. Toon en register **gepas**.					1. Toon en register **nie altyd gepas nie**.				1. Toon en register **onvanpas**.						
2. Grammatika	2. Grammatika **feitlik foutvry**, **puik woordeskat**; lees vlot; puik kommunikasie; **geen tweede lees nodig nie**.					2. Sinne **oorwegend goed** gekonstrueer; **goeie woordeskat**; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. **Lees maklik.**			2. **Heelwat ernstige taalfoute** maar **belemmer nie betekenis nie**; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute **belemmer betekenis**; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. **Besaai met taalfoute**; **betekenis verwarrend**; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.						
(8)																								

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023